higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

13 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Onwaar
1.11 Waar
1.12 Onwaar
1.13 Waar
1.14 Waar
1.15 Waar

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

2.1 L
2.2 F
2.3 H
2.4 E
2.5 O
2.6 B
2.7 M
2.8 C
2.9 K
2.10 N
2.11 I
2.12 A
2.13 G
2.14 J
2.15 D

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

3.1 Produk
3.2 Tantième
3.3 Kunstenaar
3.4 Koppeling ('Coupling')
3.5 Opname
3.6 Plaat
3.7 Fisies
3.8 Samestellings ('Compilations')
3.9 CDs
3.10 Metode

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

4.1 Kunstenaar
4.2 Persoonlike bestuurder
4.3 Persoonlike bestuurder
4.4 Platemaatskappy
4.5 'Producer'
4.6 Platemaatskappy
4.7 Komponis
4.8 Platetantième
4.9 Kan nie
4.10 Prokureur

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- 'n Fisiese plaat is 'n klankopname wat in fisiese toestelle soos CDs, kasette of vinielgrammofoonplate vasgelê word.
- Digitale plaat is 'n klankopname wat in digitale vorms soos MP3 of MP4 verpak word.

5.2
- 'n Lied is 'n musikale komposisie.
- 'n Plaat is 'n klankopname van 'n lied.

5.3
- 'n Komponis is 'n kreatiewe persoon wat verantwoordelik is vir die komponering en skryf van die musiek van die lied.
- 'n 'Producer' is verantwoordelik vir die produksie van die plaat.

Copyright reserved

5.4
- 'n Ware onafhanklike platemaatskappy word besit en gefinansier deur sy eienaars of beleggers.
- 'n 'Major-affiliated' onafhanklike maatskappy is geaffilieer met 'n groot platemaatskappy vir die verspreiding en bemarking van sy plate.

5.5
- Aflading/Aflaai ('Downloading') is 'n manier om 'n kopie van 'n digitale lêer van 'n sentrale bediener na 'n randtoestel soos 'n mobiele foon of 'n rekenaar te laai.
- 'Streaming' is 'n manier om toegang te verkry tot digitale inhoud van 'n sentrale bediener op 'n gegewe tydstip sonder om die inhoud te verkry.

5.6
- 'Webcasting' is 'n lewende internetuitsending.
- 'Podcasting' is 'n uitsending van 'n opgeneemde radioprogram.

5.7
- Meganiese tantième ('mechanical royalties') is geld wat uit lugtyd oor die radio gegenereer word.
- Vertoningstantieme ('performance royalties') is geld wat uit die aanbieding van liedere oor die lug gegenereer word.

5.8
- 'n Agent bespreek die kunstenaar vir lewende persoonlike optredes.
- 'n Persoonlike bestuurder bestuur die loopbaan van 'n kunstenaar.

5.9
- 'n Platepromotor sorg dat plate oor die radio gespeel word.
- 'n Musiekpromotor organiseer konserte en bespreek musikante om lewende musiek uit te voer.

5.10
- 'n Voorskot is die vooruit betaling van tantième.
- 'n Fonds is 'n bedrag geld wat bestaan uit 'n voorskot en opnamegeld.

(10 × 4) **[40]**

VRAAG 6

6.1
- Om die kunstenaar met groot sakebesluite te help, soos om te besluit om met watter maatskappy 'n kontrak te sluit
- Om die kunstenaar met die kreatiewe proses te help, soos om 'n 'producer' te kies
- Om die kunstenaar se loopbaan te bemark deur die kunstenaar op te hemel aan almal wat die bestuurder ontmoet
- Om die kunstenaar te help deur 'n reklameveldtog te koördineer
- Om die kunstenaar se professionele span byeen te bring en te lei
- Om die kunstenaar se konserttoere te koördineer
- Om die kunstenaar se platemaatskappy te oorreed om die advertensie- en bemarkingsveldtogte vir die kunstenaar se plate te vergroot
- Om as buffer tussen die kunstenaar en die buitewêreld p te tree

(Enige 5 × 2)

Copyright reserved

6.2
- A&R
- Produksie
- Verkope
- Reklame
- Bemarking
- Internasionale
- Sake-aangeleenthede/Regsaangeleentheide
- Produkbestuur
- Finansies
- Nuwe media (Enige 5 × 2)

6.3
- Digitale afladings
- Nie-interaktiewe 'webcasting'
- 'Streaming' op aanvraag
- Luiklanke ('ringtones')
- 'Ring backs'
- Bondeldienste
- Satellietradio
- Mobiele 'streaming' (Enige 5 × 2)

6.4
- Vergoeding
- Termyn
- Uitsluiting ('Exclusion')
- Toere wat geld verloor
- Aftrekkings (5 × 2)

6.5
- Termyn
- Persentasie van tantième
- Oorgangsklousules
- Risiko van verlies
- Voorskot
- Verhaling ('Recoupment')
- Kreatiewe beheer
- Vrylatingswaarborg ('Release guarantee')
- Bestuur (Enige 5 × 2)

6.6
- 'Producer'
- Menger ('Mixer')
- Komponis
- Liedjieskrywer
- Verwerker
- Musikante
- Opname-ingenieru
- 'Mastering engineer' (Enige 5 × 2)

(10 × 6) **[60]**

TOTAAL AFDELING B: 100

AFDELING C

VRAAG 7

7.1
- Om die kunstenaar met groot sakebesluite te help, soos om te besluit om met watter maatskappy 'n kontrak te sluit
- Om die kunstenaar met die kreatiewe proses te help, soos om 'n 'producer' te kies
- Om die kunstenaar se loopbaan te bemark deur die kunstenaar op te hemel aan almal wat die bestuurder ontmoet
- Om die kunstenaar te help deur 'n reklameveldtog te koördineer
- Om die kunstenaar se professionele span byeen te bring en te lei
- Om die kunstenaar se konserttoere te koördineer
- Om die kunstenaar se platemaatskappy te oorreed om die advertensie- en bemarkingsveldtogte vir die kunstenaar se plate te vergroot
- Om as buffer tussen die kunstenaar en die buitewêreld te dien

(Enige 5 × 2)

7.2
- 'n Kunstenaar onderteken 'n opnamekontrak met 'n groot rekord-maatskappy en dien sy of haar opnames in.
- Die platemaatskappy gee die kunstenaar se plate aan 'n verspreider.
- Die verspreider verkoop fisiese kopieë van die kunstenaar se plate aan die winkels en versprei hulle digitaal.
- Die platemaatskappy maak dan gereed vir sy advertensie-, promosie-, bemarkingsveldtog, ensovoorts, en sorg dat die kunstenaar sterstatus bereik.
- Groot verspreiders versprei platemaatskappye se produkte en is reusagtige verspreidingsnetwerke wat plate van vervaardigingsaanlegte na winkels versprei. (5 × 2)

7.3
- Prokureurs in die musiekbedryf doen meer as bloot net om kontrakte deur te gaan.
- Hulle adviseer kliënte oor die reg.
- Hulle is betrokke by die strukturering van transaksie en om kunstenaars se sakelewens gestalte te gee.
- Sommige prokureurs is magsbemiddelaars wat goeie onderhandelaars is, maar nie huis goeie regspraktisyns is nie.
- Die meeste prokureurs het invloed en help kunstenaars om hul loopbane te laat groei. (5 × 2)

7.4
- Agente in die musiekbedryf is byna uitsluitlik betrokke by die bespreking van lewende persoonlike optredes.
- Musiekagente is soms betrokke by advertensies, toerborgskappe, spesiale televisie-aanbiedings en ander gebiede.
- Agente neem nie deel aan of word nie betaal vir plate, die skryf van liedjies of die verkoop van plate nie.
- Agente word kommissie betaal.
- 'n Agentskap se termyn duur meesal drie jaar.
- Die agentskap se pligte kan die filmbedryf insluit.
- Agente kan wêreldwye regte hê. (Enige 5 × 2)

Copyright reserved

7.5
- Die sakebestuurder hanteer al die geld wat die kunstenaar verdien.
- Hy samel die kunstenaar se rekeninge in, hou tred daarmee en betaal hulle.
- Hy belê die kunstenaar se geld.
- Hy sorg dat die kunstenaar sy of haar belastingopgawes indien.
- Hy moet maandeliks finansiële verslae voorsien.
- Hy behartig die begroting, projeksies en voorspellings van die kunstenaar se inkomste. (Enige 5 × 2)

7.6
- Persoonlike bestuurders ontvang tipies van 15% tot 20% van die kunstenaar se verdienste.
- Die meeste persoonlike bestuurders ontvang 15%.
- Die persoonlike bestuurder se kommissie word oor die algemeen afgetrek van die kunstenaar se bruto verdienste, voor uitgawes afgetrek word.
- Die persoonlike bestuurder ontvang tipies 15% van die kunstenaar se verdienste.
- Die persoonlike bestuurder se kommissie kan verhoog word sodra die kunstenaar 'n sekere bedrag geld verdien. (5 × 2)

7.7 Elke platekontrak sluit 'n bepaling in wat verklaar dat die transaksie eksklusief is,✓✓ met ander woorde, tydens die termyn van die ooreenkoms mag die kunstenaar nie plate vir enigiemand anders maak nie.✓✓

Heropnamebeperkings✓✓
Alle kontrakte bepaal dat 'n kunstenaar nie enige lied wat hy of sy gedurende die termyn van 'n transaksie opgeneem het, vir 'n sekere tydperk na die termyn weer mag opneem nie.✓✓

Klankbane van films en televisieprogramme✓✓
Eksklusiwiteitsklousules is van toepassing op alle plate wat gedurende die termyn gemaak is.✓✓ Die meeste maatskappye definieer 'plaat' nou so wyd dat die term klankbane vir films en televisieprogramme insluit.✓✓ Maatskappye kan jou dus verhoed om sonder hulle toestemming opnames vir films en televisieprogramme te maak, selfs indien geen fonografiese opname betrokke is nie.✓✓ (5 × 2)

7.8
- 'Sideman'-optredes kom voor wanneer supersterre in die agtergrond van al die ander mense se plate speel en sing.
- Die optrede moet waarlik 'n vertoning wees, sonder enige solo's, duette of 'stepping out'.
- Jou eksklusiewe maatskappy moet 'n 'hoflikheidskrediet' ('courtesy credit') kry in die vorm van 'kunstenaar verskyn met vriendelike vergunning van X-plaat'.
- Jy mag nie jou heropnamebeperking vir enige keurspel skend nie, selfs nie as agtergrondkunstenaar nie.
- As jy aan 'n groep behoort, kan nie meer as twee lede van die groep saam op enige geleentheid optree nie.
- Sommige maatskappye vereis dat jy die ander kunstenaar se maatskappy vra om 'n 'sideman'-klaring te bekom in ruil daarvoor om jou te laat gaan.

(Enige 5 × 2)

Kopiereg voorbehou

7.9
- Die bestuurder het volmag as hy namens die kunstenaar handel.
- Die bestuurder het die reg om kontrakte namens die kunstenaar te teken.
- Die reg om die kunstenaar se verteenwoordigers aan te stel en af te dank
- Die reg om die kunstenaar se tjeks te wissel
- Die kunstenaar moet sy of haar eie verteenwoordigers aanstel en afdank, en definitief sy of haar eie tjeks wissel.
- Die enigste keer wat 'n bestuurder namens die kunstenaar teken is as (a) die transaksie persoonlike optredes behels; (b) die kunstenaar nie beskikbaar is om die ooreenkoms te teken nie en (c) as die kunstenaar die bestuurder mondelinge goedkeuring vir die transaksie gegee het.

(Enige 5 × 2)

7.10
- 'Producers' word betaal vir alle plate wat verkoop is.
- Opnamekoste word nie teen die regisseur ('producer') se tantième gehef nie.
- Die kunstenaar is verantwoordelik vir die betaling van die regisseur ('producer') se tantième.
- Die meeste 'producers' se tantième word terugwerkend vir 'n plaat betaal nadat opnamekoste teen die netto koers verhaal is.
- Sommige 'producers' word vooruit betaal na verhaling teen die gesamentlike koers. (5 × 2)

(10 × 10) **[100]**

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou